PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

HOKKIE INLIGTINGSTUK 2017

'n Hartlike welkom aan al ons Tjokkie Hokkiespelers vir 2017. Met rugby en netbal amper verby, lê die hokkieseisoen om die draai en gee ons graag die volgende inligting aan u as ouers deur.

1. Inskrywing

Alle hokkiespelers moet inskryf om hokkie te kan speel. **R50 word gehef van elke speler wat inskryf, wat o.a. toernooifooie, afrigtingsfooie en toerusting insluit.**

Voltooi die aangehegte vorm en stuur dit **VOOR OF OP Donderdag 1 Junie** na u kind **se koördineerder**.
Lees die volgende inligting noukeurig sodat u op hoogte is van die reëlings aangaande hokkie by Tjokkies.

2. Liga

Ligawedstryde word op Donderdae gespeel. Die liga begin op 3 Augustus 2017 **(Ons oefen reeds die eerste dag van die Derde Kwartaal).** Die hokkieliga is 'n vriendskaplike liga en spelers kan in **graadverband speel ongeag hul ouderdom**. Slegs twee O/14 spelers word in 'n O/13 span toegelaat. Die skole in die liga het nie altyd genoeg spanne om teen al ons spanne te speel nie, daarom is daar nie altyd vir al die spanne 'n wedstryd nie. Indien u kind 'n ligawedstryd gaan speel, sal hy/sy 'n wedstrydbriefie ontvang met die nodige inligting.

Die indeling vir die liga is as volg:

*	Graad 1	*	O/11 – Graad 5
*	Graad 2	*	O/12 – Graad 6
*	O/9 - Graad 3	*	O/13 – Graad 7
*	O/10 – Graad 4		

3. Hokkietoernooie

29 Julie - Eunice Festival
12 Augustus – Tjokkie Festival
22 Augustus - JF Festival vir C, D en E spanne

Alhoewel ons poog dat alle spanne hieraan deelneem, laat sommige skole net 'n beperkte hoeveelheid spanne toe.

4. Kleredrag en toerusting

Sportdrag bestaande uit:
Tjokkie hempie met broekie – Seuns.
Tjokkie hempie met broekrompie – Dogters.
Hokkiekouse – (navy en rooi streep) - by Tunika (051 444 0173)
Langmou rooi top – by Tunika.
Hokkiestok, hokkiebal,"shin pads" en tekkies of hokkietoks (Ouers besluit oor mondskerm, maar dit word aanbeveel.)
Doelwagter-toerusting word by die skool geleen.

5. HOKKIEBELEID

Dié beleid bevat belangrike inligting ten opsigte van spankeuses, struktuur, kommunikasiekanale ens. Dit is op Tjokkies se webtuiste beskikbaar. Ons doen 'n beroep op u as ouer om uself asseblief van die inhoud van die beleid te vergewis.

6. OEFENINGE

Daar is twee hokkie-oefeninge per week, per graad. Sodra die buitemuurse rooster vir die Derde Kwartaal gefinaliseer is, sal dit aan u deurgegee word. Dié rooster sal ook op Tjokkies se webtuiste beskikbaar wees.

7. PROEWE

Die aanvanklike proewe vind 8-22 Junie op die skool se rugbyveld plaas. Afrigters wat beskikbaar is kan ook oefeninge reël of spanne verder uitsorteer tot en met die skole sluit. **Spankeuses is nie finaal nie en veranderings kan deurlopend aangebring word.**

- **Spelers kom op die dag van die proewe met Tjokkies sportdrag skool toe.**
- **Bring jou hokkiestok saam proewe toe.**
- **Moenie 'n bal saambring proewe toe nie, want dit raak weg.**

Hokkieproewe

Donderdag 8 Junie		**Maandag 12 Junie**	
14:00-15:15	O/12 Dogters	14:00-15:15	O/11 Dogters
15:15-16:30	O/12 Seuns	15:15-16:30	O/11 Seuns

Dinsdag 13 Junie		**Woensdag 14 Junie**	
14:00-15:15	O/12 Dogters	14:00-14:45	O/10 Dogters
15:15-16:30	O/12 Seuns	14:45-15:30	O/10 Seuns

Maandag 19 Junie		**Dinsdag 20 Junie**	
11:30-12:15	O/10 Dogters	11:30-12:15	O/9 Dogters
12:15-13:00	O/10 Seuns	12:15-13:00	O/9 Seuns
14:00-15:15	O/11 Dogters		
15:15-16:30	O/11 Seuns		

Woensdag 21 Junie		Donderdag 22 Junie	
11:30-12:15	Gr 2 Dogters	11:30-12:15	O/9 Dogters
12:15-13:00	Gr 2 Seuns	12:15-13:00	O/9 Seuns

Vrydag 23 Junie		Maandag 26 Junie	
11:30-12:15	Gr 2 Dogters	11:30-12:15	Gr 1 Dogters
12:15-13:00	Gr 2 Seuns	12:15-13:00	Gr 1 Seuns

8. KOöRDINEERDERS

Die volgende onderwysers tree op as koördineerders by die onderskeie ouderdomsgroepe:

SPAN	SEUNS	DOGTERS
0/13	**Lianza Grobler** 072 488 9802	**Natasha Jv Rensburg** 082 631 7863
0/12	**Stefan Smit** 076 290 2956	**Hermann Davin** 076 656 1408
0/11	**Deo-Marie de Vries** 072 993 8170	**Sariana Jv Vuuren** 073 176 2256
0/10	**Dorette Smit** 082 336 7779	**Yolandé Henderson** 082 254 6267
0/9	**Sumé Myburgh** 076 274 0675	**Carina Kriel** 072 631 4205
Gr 2	**Nadine Malherbe** 079 875 8830	**Phelecia Jacobs** 079 897 4024
Gr 1	**Janah Posthumus** 079 881 1935	**Amie van Rooyen** 079 694 3924

9. HOKKIEBESTUUR 2017

Die hokkiebestuur bestaan uit die volgende persone:

Neels Günter (SPORTHOOF)	0828214615
Philip Marais (Hokkiehoof)	0839655338
Hermann Davin	0766561408
Elsabé Claassen	0726746897
Lianza Grobler	0724889802
Janah Posthumus	0798811935
Amie van Rooyen	0796943924

10. AFRIGTERS

Omdat ons so ‘n groot aantal afrigters benodig, maak ons hoofsaaklik van studente gebruik om te help met afrigting. Die volledige lys van afrigters met hul kontakbesonderhede sal sodra dit gefinaliseer is, op Tjokkies se webtuiste wees.

11. KOMMUNIKASIE

Gebruik asseblief die korrekte kommunikasiekanale. Indien u inligting benodig, skakel asseblief met die betrokke span se afrigter of koördineerder. Indien u 'n probleem het kan u gerus met die bestuurslede skakel.

Ons rig ook 'n vriendelike versoek dat u die betrokkenes se privaatheid sal respekteer. U kan met die afrigters, koördineerders en bestuur skakel tussen **14:00 en 19:00 weeksdae.**
(L.W. **Asseblief geen sms’e** – indien u inligting benodig – maak asseblief 'n oproep na die betrokke persoon).

12. <u>SPANKEUSE</u>

Ons vra groot begrip in hierdie saak. Die spankeuses word deur die afrigters gedoen - inmenging sal nie geduld word nie. (Sien Sportbeleid op Tjokkies se webtuiste). Alle spelers kry goeie afrigting en ons poog om al die spanne by toernooie speelkans te gee.

Primêre Skole speel Mini-hokkie. Dit behels kortliks die volgende:

Gr. 1 – 3	6 spelers per span	- ¼ veld (10min aan 'n kant)
Gr. 4	6 spelers per span	- ¼ veld (15min aan 'n kant)
Gr. 5	8 spelers per span	- ½ veld (15min aan 'n kant)
Gr. 6	11 spelers per span	– volveld (15min aan 'n kant)
Gr. 7	11 spelers per span	– volveld (20min aan 'n kant)

Die meeste van ons groepe bestaan uit meer as 40 spelers. Dit gee vir ons 6 of meer spanne per graad. Ander skole beperk hulle spanne meestal tot 'n A en B-span wat veroorsaak dat van ons spanne nie wedstrydgeleentheid kry nie.

Ons doen 'n beroep op u as ouer om u kind te motiveer en aan te moedig om hokkie te geniet, soveel moontlik te leer en ervaring op te doen. Hokkie is 'n sport waar vaardigheid van uiterste belang is en dit is nou die tyd om dit aan te leer en te bemeester.

Ons sien daarna uit om met u kind te werk en sy/haar potensiaal te ontwikkel. Kom geniet die 2017 Hokkie-seisoen saam met ons !

Hokkie-groete

Philip Marais
Hokkiehoof

Michael Coomans
Skoolhoof

HOKKIE INSKRYWINGSVORM: 2017

Voltooi die onderstaande vorm en stuur dit **VOOR OF OP Woensdag 31 Mei** na u kind se **koördineerder** terug.

Let asseblief daarop dat 'n aparte vorm vir elke kind in die gesin voltooi moet word.
R50 kontant moet saam met die vorm ingehandig word.

SPELERBESONDERHEDE

Naam & Van: ……..……..Graad: ….……
(bv. Gr. 6A)

Gedoortedatum:…….

Het die speler verlede jaar hokkie gespeel ? JA / NEE (Omkring asb)

Span verlede jaar gespeel:…….…….

Posisie gespeel: Aanvallend …….

Verdedigend …….

Meld asseblief enige allergieë en of u kind bv. aan Asma ens. ly:……

……

……..

OUER-/VOOGBESONDERHEDE

Vader: …… Moeder:……

Selnr: …….. Selnr: ……

Hiermee gee ek ……..…….. toestemming dat bogenoemde kind gedurende die 2017 Hokkie-seisoen mag hokkie speel.

Ek neem kennis van die hokkie inligting wat hierby aangeheg is.

…….….
Handtekening van Ouer